

ORTHOTOUCH

NUUS

Welkom by die eerste Orthotouch Nuusbrieff. Orthotouch Nuus sal belanghebbers betrokke en op die hoogte hou van die maatskappy se vordering. Orthotouch-nuus sal gereeld ná Direksievergaderings op die webwerf gepubliseer word.

Negatiewe magte (die kritici) is nog steeds besig met hul agenda om Orthotouch se redding van die Highveld Syndication-maatskappy vir hul eie gewin te ontspoor. Orthotouch vaar goed en bereik die mylpale wat vir die maatskappy gestel is, al wil die kritici ons Beleggers anders wysmaak.

Enige onderneming ervaar groeipyne in die aanvangsfase, en ons is geen uitsondering nie. Ons onderneming is egter nie enige hierjy-besigheid nie – dit is 'n eiendomsfonds wat daarna streef om sy waarde van minder as R3 miljard tot meer as R5 miljard te verhoog. Dit wil gedoen wees!!!

Hoewel die media, koerante en radio, ons kritici napraat, hou die maatskappy aan om sy doelwitte na te streef. Gelukkig is daar Beleggers (wat op stuk van sake ons grootste belanghebbers is) wat nou die volle prentjie sien. Dit is 'n riem onder die hart om hul briewe van waardering en bemoediging te kry.



Key Largo-winkelsentrum – Boksburg

VERGADERINGS

Orthotouch het tot dusver hierdie jaar 3 direksievergaderings en 1 spesiale vergadering van die Regskomitee gehou.

Een van die hoofdoelwitte van die vergaderings was om beheer te neem van Orthotouch se bates en om nakomingsmaatreëls ten opsigte van Korporatiewe Beheer in te stel.

Die Direksie is om hierdie rede formeel ingehuldig en verskeie subkomitees is gevorm.

Direksie:

Jannie Nel *	Voorsitter
Nic Georgiou	Besturende Direkteur
Hans Klopper *	Direkteur
Connie Myburg *	Director
Panos Kleovoulou *	Direkteur
* Nie-uitvoerend	

Bestuurskomitee (ManCom)

Nic Georgiou	Voorsitter
Dimitri Kyriakides	Finansies
Anton Killian	Eiendom & Verhuring
Kyriacos Michaelides	Strategie

Audit Komitee

Jannie Nel
Connie Myburg
Panos Kleovoulou

Vergoedingskomitee

3 Direkteure, mits geen party lid is van die komitee wanneer sy of haar eie vergoeding oorweeg word nie

DOELWITTE

Benjamin Disraeli het gesê: “Die geheim van sukses is om in jou doel te volhard.”

Die Direksie en die verskeie komitees van Orthotouch is vasberade om hul doel – om die Ondernemingsreddingsplan wat op 14 Desember 2011 deur die beleggers van Highveld Syndications 15 -22 Beperk aanvaar is ten volle uit te voer – te bereik, en wy al hul tyd en energie hieraan.

Ten spyte van die kabaal wat ons kritici probeer opskop, is Orthotouch die enigste maatskappy wat tot dusver poog om ’n eiendomsindikasiegroep te red, en daardie proses vorder goed.

Baie van die beleggers wat in Highveld Syndications belê het, het ook in ander eiendomsindikasies belê, wat almal misluk het. Geen poging is aangewend om enige van die ander mislukte sindikasies te red nie.

Ons doen ’n ernstige beroep op belanghebbers – en in besonder Beleggers – om Orthotouch se werksaamhede te ondersteun, en hulle nie te steur aan die vals beloftes en gemene spel van ons kritici nie.

Ons kritici gaan die een of ander tyd ’n oordeelsfout begaan wat hul ware kleure en selfsugtige agendas sal ontbloot.

VEILING VAN EIENDOMME

Die kritici probeer om die feit dat Orthotouch verskeie eiendomme laat opveil as ’n gevaarteken voor te hou.

Die Aksieplan, wat deel vorm van die Sakeplan waarop die Orthotouch-transaksie geskoei is, sê onder meer:

- **“Orthotouch se doelwit is om die hoogste moontlike opbrengs op die Aandeelhouers se belegging te verkry deur die verkoop van die nie-presterende eiendomme, en die benutting van die opbrengs daaruit om primêre winkelsentrums te herontwikkel ...”**



- **Orthotouch se plan is oorwegend om:-**
 - **nie-presterende eiendomme te verkoop**
 - **primêre winkelsentrums te herontwikkel ...**
 - **die nodige hulpbronne en vaardighede te benut om Orthotouch as ’n hoogs gerespekteerde winkelsentrum-ontwikkelaar te posisioneer ...**
 - **die beleggingseiendomportefeulje professioneel te bestuur**
 - **die kontant wat uit die verkoop van nie-presterende bates verkry word, aan te wend tot die maksimum voordeel van aandeelhouers en belanghebbers.”**

Die verkoop van eiendomme is en was nog altyd ’n integrale deel van die Ondernemingsreddingsplan.

Veilingverkope is altyd onderhewig aan bevestiging, en die afslaaer speel met ander woorde dieselfde rol as ’n makelaar. Dit is aanvaarde sakepraktyk, en die duistere konnotasies wat hieraan toegedig word, is niks meer as verdere gemene spel deur ons kritici nie.



7 MAIN ROAD, MELVILLE

Verskeie Orthotouch-eiendomme is op 28 Maart 2012 deur The High Street Auction Co. opgeveil. Die Veiling is by Summer Place in Illovo gehou, en daar was ’n goeie opkoms. Verskeie aanbiedinge is ontvang, en word tans oorweeg deur die Bestuurskomitee en die Direksie.

Toekomstige uitgawes van Orthotouch-nuus sal verslag doen oor afgehandelde transaksies wat ’n uitwerking het op die Eiendomsportefeulje.

PAASFEES

“Die boodskap van Paasfees kan nie in die verlede tyd geskryf word nie. Dit is ’n boodskap vir vandag en vir die toekoms. Dit is God se boodskap, wat voortdurend deur ons lewe moet eggo.”

~Frank D. Getty

Mag u

Hoop beleef, want dit is die blydschap van Paasfees;

Vrede beleef, want dit is die belofte van Paasfees;

Liefde beleef, want dit is die gees van Paasfees.

BETALING VAN RENTE

Ons kritici voer aan dat die betaling van rente met opset tot die laaste moontlike dag uitgestel word. Dit is van alle waarheid ontbloot.

Alles word in die stryd gewerp om Orthotouch se kontantvloeï te herstel sodat rente betyds betaal kan word, m.a.w. op die 7de van elke maand. Hierdie proses is ongelukkig vertraag weens ’n stadige wegspring, wat veroorsaak is deur ’n groot finansiële instelling wat ons in die steek gelaat het. Dit het Orthotouch in ’n posisie geplaas waar ons sedertdien heeltyd moet probeer “inhaal”.

Die probleem geniet aandag en sal binnekort opgelos wees.

In die tussentyd sal die rente wat op 7 April 2012 betaalbaar was, nie later as 20 April 2012 betaal word nie.

REDAKSIONELE BYDRAES

Belanghebbers van Orthotouch word genooi om artikels van belang voor te lê vir insluiting in toekomstige nuusbriewe. Die Bestuurskomitee en die Direksie behou te alle tye die reg om te besluit watter artikels om in te sluit of af te keur, hetsy gedeeltelik of algeheel.

VERTROULIKHEID

Orthotouch-nuus het die volgende gedeelte uit ’n artikel op die Internet aangepas:

“Wanneer ’n mens eiendom verkoop, is vertroulikheid deurslaggewend.

Indien werknemers, mededingers en ander uitvind dat ’n eienaar ’n eiendom wil verkoop, kan dit baie negatiewe gevolge hê, die eiendomstransaksie verongeluk en meer.

Die kwessie van sakevertroulikheid moet nie ligtelik opgeneem word nie.

Vertroulikheid is kernbelangrik as ’n mens suksesvol sake wil doen.

Hoekom? Wel, gestel iemand in jou organisasie wat weet wat jy beplan, praat met ’n mededinger? Dit kan tot gerugte lei wat ’n potensiële transaksie kan verongeluk.

Vertroulikheid is die hartklop van ’n gesonde onderneming. Bespreek planne met die sleutelbestuurslui wat nodig is om jou onderneming suksesvol te maak.

Het alle belanghebbers dieselfde toegang tot inligting? Nee!!! Inligting word verpak op grond van senioriteit en die noodsaaklikheid om te weet.”

Ons kritici maak groot gewag van die feit dat Orthotouch nie elke skuif wat hy maak aan die groot klok hang nie. Ons weerhou nie inligting met opset nie, maar probeer verseker dat ons alles in die stryd werp om ons doelwit te bereik.

Orthotouch sal probeer om belanghebbers hoofsaaklik via Orthotouch-nuus en die webwerf so ingelig moontlik te hou, sonder om ons werksaamhede in gevaar te stel weens ’n gebrek aan vertroulikheid.

ORTHOTOUCH-KONTAKBESONDERHEDE

**Telefoon – (011) 262 3833/3853
Tydelike faks – (011) 262 2656
e-pos – info@orthotouch.co.za
Webwerf – www.orthotouch.co.za**
